

Maandag 1 September

Skrifgedeelte: Jona 1:1-17

Fokusgedeelte: Jona 1:9 (AFR83/2020)

Heilige humor

Twee gereformeerde teoloë beskryf die boek Jona as 'n "komedie in vier bedrywe". Miskien moet mens liever sê: dis 'n boek vol heilige humor – ten minste as dit 'n heilige lag met 'n traan is. Die boek is immers in die Heilige Skrif opgeneem. Dis dan 'n humor waarvan Calvyn (kommentaar op Fil. 3: 2) beweer dat tallose voorbeelde daarvan in die Profete, vernameelik in Jesaja, te vinde is.

Kom ons spieël onself in wat die HERE hier "deur die Gees van sy mond" (Ps. 33: 6) sê. Wil ons as trots Afrikaanse gereformeerdes "ons eie God" se vrymagtige liefde, byvoorbeeld, regtig met ander, soos Moslems, deel? Hóór ons regtig in ons omstandighede hoe belaglik-belangrik Jona sy volksidentiteit ag (vs.9): "Ek is 'n Hebreër" (herkoms: "*Ivrim*" – van die oorkant af)? Abraham, die Hebreër (Gen. 14:13), se Joodse nakomelinge het hulle verbeel hulle was nie "van hier" nie – 'n trappie hoër as die ander.

In die figuur Jona word hulle geestelike hoogmoed bespotlik gemaak voor die heidene. Hy bely wel pragtig "regsinnig": "*Ek dien die HERE, die God van die hemel wat die see en die vasteland gemaak het*" ... maar ek vlug van Hom af weg! Ek wil Hom net gehoorsaam dien ás Hy 'n vergrote weergawe van 'n "Hebreër soos ek" is. Hy mág absoluut nie ons vyande vergewe nie. Hy mág nie berou hê nie, selfs as Hy deur sy Woord en Gees berou by hulle gewek het (3:10)!

Is ek en jy dalk vandag só 'n "Hebreër" of – lag met 'n traan! – mense wat só selfsugtig ons gereformeerde Afrikaansprekende identiteit wil koppel aan "ons" God? Beskou dan soos daardie ander "Hebreër uit die Hebreërs", Paulus, ter wille van Christus hierdie eie-groepsidentiteit-hoogmoed as "vullis" (Fil. 3:8). Nét in Jesus Christus vind ek my identiteit!

Sing: Psalm 103-1:4, 5
Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)